LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 10/2026

## Mnr Gawie sê sy sê…Hoor jy Sy stem?

Albert Camus skryf die volgende: "In the midst of winter, I found there was, within me, an invincible summer. And that makes me happy. For it says that no matter how hard the world pushes against me, within me, there's something stronger - something better, pushing right back." Dag Hammarskjold skryf ook die volgende: "The more you listen to the voice within you - your intuition, spirit, or true self - the better you can understand the world around you and make correct, aligned choices." Ek glo met my hele hart God gesels met ons in ons harte. Ons as mens is dan dikwels in hierdie struweling om gehoor hieraan te gee. Die onbekende van die toekoms is moontlik een van die faktore wat maak dat ons nie gehoor gee aan die stem binne ons nie. Stel u voor 'n persoon wat gaan bunjee. Die persoon stap met die trappe op, tot by die brug. Alle nodige veiligheidsmaatreëls word nagekom en die persoon word goed vasgemaak. Die persoon staan op die punt om 'n ervaring te hê wat slegs beskryf kan word deur 'n persoon wat dit self gedoen het, die gevoel kan ook moeilik beskryf word. Die persoon besluit egter die laaste stap is te veel, draai om en loop met die trappe af, sonder om die ervaring te beleef. Die rede daarvoor is vrees. God berei ons op verskeie maniere voor om op 'n dag 'n besluit te neem om dit te doen waarvoor Hy ons bestem het. Vrees maak baie keer dat ons nie daardie stap neem nie. Bob Buffort noem dit, "a life of significance after a life of success". God roep ons nie net tot 'n lewe van sukses nie, Hy roep ons tot 'n lewe van betekenis. Effesiërs 2:10 sê: "Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het." Mag u in hierdie week God se stem hoor en nie net 'n lewe van sukses leef nie, maar 'n lewe van betekenis.

## Goegieland

**"BEELD ONS LAND UIT" PRETDAG:** Baie dankie vir almal se kreatiwiteit en moeite met ons "Beeld ons land uit"-pretdag. Ons kan beslis trots wees op Suid-Afrika! Van klein Springbokke tot mini-beroemde Suid-Afrikaners – dit het gelyk of ons sommer 'n hele nasionale span in Goegieland het. As gees alleen kon wen, het ons reeds die wêreldbeker!

**VRYDAG, 27 MAART 2026 SKOOLVAKANSIE:** Die skool sluit op Vrydag, 27 Maart 2026 vir die skoolvakansie en om die verkeer beter te probeer reguleer is die verdaagtye vir die kleuterskool soos volg:

- Gr 000: 10:40
- Gr 00: 10:45
- Gr 0: 10:55

**KUNSWERKE EN RAPPORTE:** Gr. 0-maats sal die meeste van hul kunswerke ontvang (ons het sommer baie geskep!). Gr 00- en Gr 000-maats sal slegs hul spogboeke/rapporte ontvang. Ons hou kunswerke terug vir Oupa- en Oumadag later in kwartaal 2. U sal aan die einde van kwartaal 2 alle spogwerk ontvang wanneer rapporte uitgaan.

**OUERLEIDING - DIE BELANGRIKHEID VAN BETYDS WEES:** Om betyds te wees leer kinders verantwoordelikheid, respek en goeie roetine. Wanneer maats betyds opgelaai word, help dit ook die vloei van die skooldag en die veiligheid van alle kinders. Personeel het dikwels buitemuurse aktiwiteite en vergaderings ná skool, en waardeer dit opreg wanneer reëlings nagekom word.

Groete uit Goegieland

## Week se Program

### 24 Maart 2025

- **Rugby te LS Selection Park**
- **Netbal te LS Selection Park**

### 25 Maart 2025

- **Rainbow Rusch Colour Relay**

### 27 Maart 2025

- **Skool sluit 11:00 vir vakansie**

### 26 tot 28 Maart 2025

- **Rugby Noord Suid**
- **Netbal Noord Suid**

## Dankbaarheid

Ons is dankbaar dat die Here ons Herder is en dat Hy elke dag vir ons sorg. Ons stap nie alleen deur die lewe nie – Hy is altyd by ons om ons te lei, te beskerm en te dra.



# Redenaars




Die laaste twee weke het dit behoorlik gegons in die skool. Die redenaars het by ons skool en ander skole hul opinies gaan deel. Op 13 en 14 Maart 2026 het 10 van ons leerders gaan redeneer by LS Wierdapark vir Super12. Dit was weereens `n belewenis om daar te kon wees en ons leerders en Graad 7-groep het gewys om te praat voor mense is so maklik soos val uit `n boom uit! Die redenaars wat aan Super 12 deelgeneem het was:

Graad 1 tot 3: Zuvan Joubert en Mianique van Zyl
Graad 4 tot 5: Simon Mostert en Cindy Bredenhann
Graad 6 tot 7: Kaitlyn Shackleford en Marno Marais

Woensdag, 18 Maart 2026 het die gesoute praters nog `n geleentheid gehad om by Laerskool Secunda deel te neem aan ons jaarlikse Hoëveld Redenaarskompetisie. Weereens was dit soet vir die oor om na die leerders te luister. Baie geluk aan Mianique van Zyl wat `n 2de plek behaal het met die geleentheid. Baie geluk aan elke leerder wat deelgeneem het, want dit vat guts! Die redenaars wat aan die Hoëveldgroep Redenaarskompetisie deelgeneem het was:

Graad 1 tot 3: Kiara Meyer, Mianique van Zyl en Jana Steyn
Graad 4 tot 5: Simon Mostert en Cindy Bredenhann
Graad 6 tot 7: Cayden Louwrens, Manuela Neto, Marno Marais en Zani van der Merwe

# Dramaklub

Baie sterkte aan al die leerders wat Vrydag, 20 Maart aan die Allegretto kompetisie deelneem, ons vertrou dat dit baie goed sal gaan.

**Graad 1**
Zetcke Soule
Hanlie Pendlebury
**Graad 5**
Ilinche Schépers
Janke Pendlebury
**Graad 6**
Kaitlyn Shackleford
Melandie Faber
Manuela Netto
**Graad 7**
Leané Luddick
Anika Pendlebury




LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr Gawie van Niekerk
Prinsipaal




| 23 Mrt | 24 Mrt | 25 Mrt | 26 Mrt | 27 Mrt | 28 Mrt | 29 Mrt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Beaulene vd Merwe<br>Derrick Duvenage | Miané Naude<br>Sylvia-Marie v Rooyen<br>Thenique Nel | Marno Campher<br>Zhanell Robbertze<br>Wihard Holtshauzen | Miané v Rensburg<br>Waldt v Niekerk | Charmoné vd Linde<br>Ethan Petzer | Zie Zulu<br>Casey Kruger<br>Wiané vd Berg |